GEOGRAFIE GRAAD 4 KWARTAAL 1

## MENSE EN PLEKKEPLEKKE OM IN TE WOON: PLAAS, NEDERSETTING, DORP, STAD

- Mense woon op verskillende plekke.
- Sommige mense woon op plase ander op klein of groot dorpe.
- Baie mense woon in groot stede.
- 'n Plek waar 'n groep mense woon word 'n **nedersetting** genoem.
- Alle plase dorpe en stede is nedersetting.

## WERK: SOORTE WERK WAT MENSE OP VERSKILLENDE PLEKKE DOEN

- Elke nedersetting is anders.
- Sommige nedersettings het grond wat goed is vir boerdery, ander nedersettings het skole en klinieke en daar is verskillende soorte werk wat mense kan doen.



- 'n **Plaas** is 'n plek met grond waarop mense gewasse kweek en diere aanhou.
- Daar is groot plase en klein plasies.



- 'n **Dorpie** is 'n klein nedersetting.
- 'n Dorpie het huise of hutte waarin mense woon.
- Sommige dorpies het ander geboue, soos 'n winkel of skool.



- 'n **Dorp** is groter as 'n dorpie, 'n dorp het meer strate, huise en winkels as 'n dorpie.
- 'n Dorp het ander geboue soos 'n polisiestasie, banke en skole.



- 'n **Stad** is groter as 'n dorp.
- Daar is baie winkels, kantore en besige strate.
- Stede het groot hospitale en 'n lughawe.

SAMPLE




Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## SYAANSIGTE EN PLANAANSIGTE


### SYAANSIGTE EN AANSIGTE VAN BO AF VAN EENVOUDIGE VOORWERPE

- Wanneer ons rondloop en na geboue, bome en ander mense kyk, sien ons hulle van die kant af.
- ’n Syaansig is wat jy sien wanneer jy van die kant af na iets kyk.
- Wanneer jy na iets op die grond kyk, soos ’n baba wat kruip, ’n hond wat slaap of ’n ry miere, kyk jy van bo af daarna.
- ’n Planaansig is wat jy sien wanneer jy van bo af na iets kyk.
- Kaarte is tekeninge wat van bo af na plekke kyk dit is planaansig.
- ’n Voël wat in die lug vlieg het ’n planaansig van ’n plek wanneer dit na die grond daaronder kyk.
- ’n Planaansig kan as ’n eenvoudige kaart geteken word wat jou wys waar verskillende plekke, paaie en landmerke is.






***Sy-aansig***



***Planaansig (Bo-aansig)***



***Sy-aansig***

***Planaansig***

**NUWE WOORDE**

- **AANSIG**: ’n Manier om na iets te kyk.
- **PLAN**: ’n Tekening soos van bo af gesien.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

GEOGRAFIE GRAAD 4 KWARTAAL 3

## MENSE EN KOS

### MANIERE HOE MENSE HUL KOS KRY

- Mense kry die kos wat hulle nodig het op verskillende maniere.
- Baie mense koop kos wat hulle nodig het by 'n winkel, stalletjie of by iemand op straat.
- Sommige mense woon op plase waar hulle diere aanhou en hulle kweek hulle eie kos.
- Mense in dorpe of stede kan ook sommige van hulle eie kos kweek.
- Hulle het groente tuine of vrugtebome.
- Ander mense is kosversamelaars.
- Hulle vang vis of jag.
- Hulle soek en eet ook plante wat in die natuur groei.
- Kosversamelaars weet wat gesond is om te eet en wat giftig is.
- Hulle pluk vrugte, bessies en sampioene en grawe wortels uit.
- Meeste van ons kos kom van plase.
- Boere werk op plase en produseer kos wat ons eet soos mielies, vleis, groente en eiers.
- Meeste van die vis wat ons eet word in die see gevang.
- Varswatervis kom ook in damme en mere voor.

**NUWE WOORDE**

- **KOSVERSAMELAAR**: Iemand wat kos wat in die natuur groei, versamel en eet.
- **GIFTIG**: Iets wat jou siek kan maak as jy dit eet of drink.
- **VARSWATER**: Water wat nie sout is nie (Dit kom nie uit die see uit nie).

## MANIERE VAN BOER

### BOERDERY VIR EIE EN GESIN SE GEBRUIK (BESTAANSBOERDERY)

- Baie mense in Suid-Afrika kweek hulle eie gewasse en hou hulle eie diere vir kos aan.
- Hulle eet die meeste van die kos en verkoop ook soms 'n bietjie daarvan.
- Hulle gebruik die geld wat hulle uit die verkoop van kos kry om goed te koop wat hulle nodig het en nie kan maak nie soos seep.
- Boere wat boer om hulle self en hulle gesinne te voed, word bestaansboere genoem.

**NUWE WOORDE**

- **GEWASSE:** Plante wat mense plant en kweek om te gebruik.
- **BESTAANSBOERE:** Boere wat gewasse kweek en diere aanhou om hulleself en hulle gesinne te voed.

SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

GEOGRAFIE GRAAD 4 KWARTAAL 4

## WATER IN SUID-AFRIKA

- Sonder water sou daar nie lewe op Aarde gewees het nie.
- Mense gebruik water op verskillende maniere.
- Ons gebruik water in ons huise, op plase en in fabrieke.
- Water kom heel eerste by ons uit in die vorm van reën.
- Mense kan reën opgaar.
- Ons het skoon water nodig om gesond te bly.
- Vuil water versprei siektes.
- Ons moet na ons water kyk sodat daar genoeg skoon water vir almal is.
- Ons kan na ons water kyk deur seker te maak dat ons dit reg gebruik of deur dit skoon te hou.

## GEBRUIK VAN WATER

### DAAGLIKSE GEBRUIK IN PERSOONLIKE LEWE

### HIER IS 'n PAAR MANIERE WAAROP MENSE WATER GEBRUIK:

- Om jou gesig te was.
- Om jou tande te borsel.
- Om skottelgoed te was.
- Om te stort.
- Om kos mee te kook.
- Om die huis mee skoon te maak.

### ANDER GEBRUIKE BYVOORBEELD BOERDERY, FABRIEKE, MYNE, ELEKTRISITEITSOPWEKKING, TUINE EN ONSPANNING

- Ons het water nodig sodat ons plante in ons tuine en op plase kan help om te groei.
- Ons gebruik water ook om energie, soos elektrisiteit te skep.
- Mense in fabrieke gebruik water om masjiene skoon te maak en af te koel.
- Water is ook deel van baie fabrieksprosesse.
- Moenie vergeet dat ons ook baie pret kan hê met water nie.



SAMPLE

# GESKIEDENIS GRAAD 4 KWARTAAL 1

## PLAASLIKE GESKIEDENIS

**NUWE WOORDE**

- **GESKIEDENIS:** Gaan oor mense, plekke en goed van die verlede.
- **PLAASLIK:** 'n Gebied naby jou woonplek.

## HOE OM MEER TE WETE TE KOM VAN DIE HEDE IN 'n PLAASLIKE GEBIED

- Plaaslik beteken na aan 'n gebied waar jy woon, Geskiedenis gaan oor hoe mense, plekke en goed met veloop van tyd verander het.
- Plaaslike geskiedenis gaan dus oor goed, mense en plekke in jou gemeenskap of jou buurt.

## HOE ONS MEER TE WETE KOM OOR 'n PLAASLIKE GEBIED

### Ons kan 'n plaaslike gebied beter leer ken deur inliting te soek in:

- Prente
- Geskrifte
- Stories en onderhoude met mense
- Voorwerpe.

- Geskiedenis kan ons ook help om dit wat in die hede gebeur te verstaan.

**NUWE WOORDE**

- **ONDERHOUD:** 'n Gesprek met iemand om nuwe inligting te kry.
- **ONDERSOEK:** Om iets te bestudeer en te probeer verstaan.
- **WAPEN:** 'n Klein stukkie plastiek, lap of metaal wat lidmaatskap van 'n skool toon.
- **VUURTORING:** 'n Toring met 'n groot, helder lig wat verbygaande skepe teen gevaar waarsku.
- **ANKER:** 'n Swaar metaalgewig wat in die see laat sak word om te keer dat die skip of boot beweeg.

## INLIGTING UIT STORIES EN ONDERHOUDE MET MENSE

- Gedurende 'n onderhoud vra 'n persoon ander mense vrae om inligting oor iets uit te vind.

**NUWE WOORDE:**

- **PROMENADE:** 'n Wandelweg, veral een langs die see.
- **STORMS:** Slegte weerstoestande.
- **SEINE:** Boodskappe met lig - en klankkodes wat vuurtorings aan skepe uitstuur.
- **KUS:** Die land al langs die rand van die water.
- **SKIPBREUK LY :** Wanneer 'n skip op die rotse beland.



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

# GESKIEDENIS GRAAD 4 KWARTAAL 2

## DIE STORIE VAN NELSON MANDELA SE LEWE

- Nelson Mandela is op 18 Julie 1918 in die Oos-Kaap gebore.
- Hy het op 'n klein dorpie groot geword waar hy die familie se skape en bokke opgepas het.
- Mandela het gesien dat die lewe in Suid -Afrika nie regverdig was nie.
- Gedurende apartheid is 'n Suid - Afrikaner of "Blank" of "nieblank" of "swart" genoem.
- Blanke (wit) Suid -Afrikaners is beter behandel as enige van die ander groepe.
- Hulle het in die beste huise gewoon en die beste werk gekry.
- Swart mense en wit mense is nie toegelaat om saam in 'n trein te ry nie.
- Hulle moes ook in verskillende busse ry.
- Swart mense is nie toegelaat om vir die leiers van Suid-Afrika te stem nie.
- Apartheid was nie regverdig nie.
- Hulle het 'n manifest geskryf wat die vryheidsmanifes genoem is.
- Dit het gesê Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, swart en wit.

**NUWE WOORDE**

- **APARTHEID**: 'n Manier om swart, bruin en indiër mense apart van wit mense te hou. Gedurende apartheid het die ou Suid-Afrika regering wit mense beter as enige iemand anders behandel.
- **PROTES**: Optrede soos 'n optog om teenstand of ongelukkigheid oor iets te wys.
- **MANIFES**: 'n Geskrewe papier wat sê wat almal toegelaat mag word om te doen.

- Ons noem mense wat tronk toe gestuur word vir dit waarin hulle glo politieke gevangenes.
- Apartheid is in 1994 beëindig.
- Elke Suid -Afrikaner ouer as 18 jaar kon vir 'n nuwe regering stem.
- Mandela het die land se eerste swart presedent geword.



**NUWE WOORDE**

- **POLITIEKE GEVANGENES**: Mense wat tronk toe gestuur word omdat hulle opstaan vir dit wat hulle glo.

## HOE NELSON MANDELA GELEER HET OM 'n LEIER TE WEES

- Baie mense het leiers geword oor dit wat met hulle in hulle lewe gebeur het.
- Nelson Mandela het gesê hy het by ander mense en 'n donkie geleer om 'n leier te wees.

SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

## VERVOER DEUR DIE EEUE HEEN

### VERVOER OP LAND – DIERE

- Baie verskillede diere kan gebruik word vir vervoer.

### VERVOER EN DONKIES

- Donkies kan gebruik word om mense en goedere op land te vervoer.
- Mense kan donkies ry, donkies kan swaar goed op hulle rûe dra en hulle kan gebruik word om karretjies te trek.
- Donkies kan nie lang afstande aflê sonder dat hulle honger en dors word word nie.
- Hulle kan ook baie koppig wees en hou nie daarvan om gesê te word wat om te doen nie.

### VERVOER EN KAMELE

- Kamele word gebruik om mense en goedere te vervoer.
- In sekere dele van die wêreld is daar baie woestyne en min paaie.
- Woestyne is baie sanderig en dit is moeilik vir die mense om op die los sand te loop.
- Kamele kan lang afstande aflê in die woestyn.
- Hulle kan vir dae sonder water bly en oorleef en hulle kan maklik oor die woestynsand loop.
- Kamele se boggel is ’n boggel vet.
- Hulle het groot wye pote wat help dat hulle nie in die sand weg sink nie.

**NUWE WOORDE**

- **BOGGEL:** ’n Groot knop op ’n kameel se rug.
- **WOESTYN:** ’n Groot area met sanderige grond waar dit baie warm is en waar baie min plante of bome groei.

### VERVOER EN OLIFANTE

- Mak diere soos perde, donkies en kamele bly saam tussen mense.
- Olifante is wilde diere en is baie gevaarlik.
- Wilde olifante kan opgelei word om mense te help.
- Spesiale mense maak hulle mak en kyk na hulle.
- Hulle leer olifante om te loop, stop, draai en dinge op te tel en te laat val en om dinge te trek.
- In oerwoude in die berge waar daar nie paaie is nie, is vervoer moeilik.
- Mense gebruik olifante om hulself en hul goedere te vervoer.

SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122

GESKIEDENIS GRAAD 4 KWARTAAL 4

## DIE SAN EN DIE OUDSTE VORMS VAN MENSLIKE KOMMUNIKASIE





- Die San was die eerste mense wat in Suid-Afrika gewoon het.
- Hulle het in klein groepies gewoon en rondgetrek op soek na kos en water.
- Die San -mans het wilde diere gejag vir vleis.
- Die San - vroue het plantkos versamel.
- Die San is ook Jagter- versamelaars genoem.
- Die San het taal, simbole, liedere, kuns en dans gebruik om te kommunikeer.

### KOMMUNIKASIE MET TAAL

- San-tale het baie klik-klanke.
- Die leuse van Suid-Afrika vandag kom uit 'n San - taal.
- Die leuse is "!ke e:/xarra//ke" Dit beteken " mense wat verskillend is, kom saam."
- Die leuse help ons om die geskiedenis van die San in ons land te onthou.

### KOMMUNIKASIE MET SKULPHALSSNOERE

- Die krale in die foto's hieronder is van skulpe gemaak.
- 'n Klein gaatjie is in die middel van die skulp gemaak en die skulpe is saam gesnoer as krale vir 'n halssnoer.
- Die styl van die halssnoer het aan ander San-groepe gekommunikeer uit watter familie die draer van die halssnoer gekom het.
- Die skulpe het 'n simbool geword.
- 'n Simbool staan vir iets anders.





SAMPLE



Property of LS Summaries Anze 064 558 8122